



IN DIE SKADU VAN DIE STEM



FRANS CALITZ



FREE PREVIEW

IN DIE SKADU VAN DIE STEM

Frans Calitz

This short preview contains Chapter 1: Memoirs.

The full novel continues through the intertwined lives of Tjaka, Pa Piet, Ma Diena and the narrator, against the background of a changing South Africa.

A MyNovel free preview

Outeur: Frans Calitz

Voorbladontwerp: MyNovel

Geset in Franklin Gothic Book 11pt

Alle regte voorbehou

Kopiereg © Frans Calitz

ISBN 978-1-0492-2340-7

Eerste Uitgawe 2025

Hierdie boek mag nie sonder skriftelike verlof van die skrywer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikrofilm of enige ander stelsel van inligtingsbewaring

Hoofstuk 1

Memoires

Op die horison verloor die son sy stryd teen die watervloed van die magtige Atlantiese Oseaan. Poseidon neem sy kwas en tooi die einder tot 'n kleurvolle lappieskombers. Die einde van nog 'n dag. Die getye draai. Stadig maar seker. Die woestheid wyk. Die water word kalm. Die son sak stadig weg.

Lewensduur in die weegskaal. Die vloei is verby. Gister is dood en verby. En môre 'n illusie wat geen mens kan sien nie.

Die eens glimmende onderwaterse seebamboes muteer blouswart in die son. Symbolies van die ewige jeug se oorgang na plooi, na die gryse en die wyse. Die ouderdom loop sy loop. Stadig maar seker, ongenooi, dring dit die kamers van harte en huise binne. Tyd stap stadig, maar gaan so vinnig verby.

Onvermydelik kom die eb. En as jy jou oë uitvee, sit jy al op die stoep. In plooi getooi. Geëmansipeer van gejaagdheid. Vry van Sorge, moet en moenies. Resepte vir avontuur; vergeel en onleesbaar, gefragmenteer, verpoeier en verguis. Akademie verban tot leksikons. Die korporatiewe leer 'n implement tot 'n los dakteël. Viriliteit en manlikheid 'n ydele droom, maar steeds onwillig om te wyk. Herinnering op herinnering stamp teen die skedel se wand. Jare se voortvarendheid word vervang deur die onvermydelike bewuswording van 'n ontmoeting met 'n vreemde, vae wêreld. Die mees enigmatiese vraag die wêreld oor: Waarheen? As die dood sy mantel oor jou gooi — waarheen?

My dierbare moeder se ononderhandelbare oortuiging: *“My seun, na saligheid ver agter die Suiderkruis waar mense op water*

loop. Waar mense op die oewers van waterlope in die skadu's van dofgroen wildevyebome brood breek en vissies vermeerder, hande vat en luister na die man met die sagte stem, magiese hande en blou oë." Onwrikbaar was haar geloof in die heilige skrif van die Bybel, waaraan sy sedert kinds knie onderwerp was.

En die agnostikus? Ek hoor nog die woorde van die afgeleefde Indiaan jare gelede, tydens 'n besoek aan Salt Lake City in Utah:

"My son. Dust to dust. My flesh in the soil of the land feeding the earth from where I was born. Alongside those whom I have slaughtered—buffalo, deer and bear. For meat and heat. Blankets and moccasins. Our souls flying with eagles high in the sky. Under the sun when it's day. Under the moonlight when it's dark. Our eyes on the lay of the land on which we have roamed for a million years, a land under an astral world of wonder. Our ancient land! Inherited not from our forefathers but loaned to us by our children. Many thousand full moons ago. Millenniums before Genesis and Exodus. Centuries before three crosses on a hill, John, Peter and Luke."

Op die stoep. Nog 'n dag. Nog 'n jaar. Nog 'n dekade. Die worstelinge reeds verby. Suksesse en mislukkinge van weleer. Hetsy hartseer of gelukkig — by uitstek die produk van keuses, die kulminasie van besluite gemaak op 'n pad van lag en distels. My lewenspad: persoonlike *Via Dolorosa* op 'n aardse tog na die onvermydelike oorgang na die enigmatiese.

Gister! Gegiet in graniet. *Yesterday! Cast in stone.*

Op die stoep of in my eensame bed. Laat in die nag. Rondrol. Gedagtes en herinneringe wat chaos saai. In geen spesifieke volgorde nie. Willekeurig. 'n Hartseer nostalgie vir die jeug wat ek gedink het nooit sou eindig nie. Duisende goue herinneringe wat die skeure van my skedel oopsluit.

Ambivalente emosies; liefde en pyn, hoop en wanhoop. Eindelose reis na dit reeds lank verby. Vergesigte. Geure en kleure.

Die gesig van my dogter. Die reuk van kleinseuns. Die geur van geliefdes wat ek verloor het. Die laventel op die boesem van my moeder. Die lag in haar oë.

En Bettie! Bettie! Bettie! Tjaka. Piet en Diena. Gila. Lucy en Sofija. Katrina, die bloed van my bloed.

My eerste blik uit ogies van glas in die verre verskiet — aan die oewers van die Olifantsrivier.

Op die oewer van die Olifants is ek gebore. Met die son aan die oostelike horison, in die hitte van die oggend, met haar oë op die wingerde, het Mama my in die wieg gesus.

'n Rooi driewiel met 'n fluffy saal en 'n klokkie. Die soet naam van 'n laerskool-kys. In die skadu van die Maskam. Gerrit Viviers se stem wat kraak oor die radio: "Dis warm op Ellispark." Frik du Preez jaag die bal tussen die pale deur.

Kaapstad. Tygerberg. Vishoek. Matriek by Zwaanswyk. Garage-partytjies. Die meisie van my drome se hand in myne. Tommy Dell se *Cry to Me*. My oë in die sagte kykie van ontwakende liefde. 'n Oorgedekoreerde matriekafskeidsaal. Linte, ballonne en lanterns. Rock Hudson en Doris Day.

Stove pipes, minis and bell bottoms. Beehive and bob. Alice bands and crimplene.

Opleidingskampe in Suidwes-Afrika. Die magtige Zambezi aan die noordgrens van Botswana. Caprivi. Rundu. Patrollies en muskiete. Jannie op 'n landmyn. Stof en bloed — en toe is sy lewe verby. Vir volk en vaderland. Huis toe in 'n sak met die regering se tjap. Die onbeheerste oopskeur van 'n liefdesbrief in 'n pienk koevert op die oewer van die Okavango:

Dear Johnny. I am so sorry.

Die woorde forseer die lug uit my longe. My meisie! Weg! lewers op Seinheuwel. In die verkeerde kamer, op 'n vreemde matras, in die arms van nuwe liefde geklee.

Hoe de fok het dit gebeur! Waar is my geweer?

The eyes that do not weep are the saddest eyes of all.

Stellenbosch toe. Matieland! In die skadu van Pappegaaiberg. Die boekwinkel op die hoek; vir abakusse, kladpapier en vetkryte. Die lewe is 'n lied. Kammie — al die derde jaar in sy eerste jaar. Hy lê op sy bed en rook Pall Mall Super Filter. Die Wilcox-gebou. Sielkunde. Die Ou Hoofgebou. Geskiedenis en Afrikaans.

Studente in kort rokkies. Uitstaan-patroontjies op T-hempies. Delikaat die voetjies in silwer sandaaltjies met goue bandjies. Perfekte kuitjies bo dun enkeltjies. Ringlose vingertjies en pêrelhalsnoere om slanke nekkies. Maar die algehele wenner van die silwerware, die wenner wat die koek vat: die ferm atletiese bo-beentjies.

Tollies se magnetiese houvas. *In Tas we trust.*

Serenades by Minerva. *You should ever think of leaving me.*

Heemstede. *Blue eyes crying in the rain.*

Grad-dag! Uiteindelik! Hansie Slim! Die wye wêreld in. Jillende malgasse in Lambertsbaai oorverdowend bo die pragtige stem van die meisie in my lewe. Vierde Strand Clifton. Duisende bikini-lywe straal erotiese sensasies uit elke windrigting. Oyster Bar. Lemoentjie. See Breeze Drive-in. Naughty's Midnight Grill.

Grab a granny. Vanishing acts. Sorry, ma'am!

Die Sandveld. Blyplek, werkplek en speelplek. Die magtige Sederberge en die Olifantsrivier aan die rugkant, en die bloute van

die see vir ewig in die arms voor die bors — 'n skans teen die Atlantiese aanslag uit die weste.

Agter die branders stoei die hotnotsvis en galjoene teen die waterwoelinge. In die vlakker klipskeure baklei krewes teen die gretige hande van fynproewers, smokkelaars en handelaars. Februarie, Maart en April bring 'n wonderwerk as dermiljoene blinklywe kom kyk hoe dit by ons lyk. Vandaankomplek. Hartsplek. 'n Plek waar ons seuns vir manwees gebrei word. Baarplek van die mooiste meisies in die land.

Kinderspore en ouerspore oraloor; van waar die Jakkals mond, strand op en af. Groenblou golwe en branderplanke. Meisies in bikini's van weinig lap in rooi en wit aanmekaargesit. lewers blêr Mick Jagger uit 'n transistortjie op 'n afgeleefde koelboks:

I can't get no satisfaction. I can't get no girl reaction.

Ooms. Tannies. Oumas en oupas. Vele het ons reeds verlaat — deur ouderdom of siekte opgeëis. Of teen woedende branders van Neptune die stryd verloor. Die skippie was te klein. Die golwe te groot. Die donker dieptes in. Verpoeier tot stof. Onderaardse kompos of hoog die bloute in. Deel van die buite-ruimtelike astrale hemelse as.

Diep in die nag. Klik-klak, klik-klak, klik-klak! Die Sishentrein kom en sleep sy vrag oor die Jakkals, eis die nagstilte met 'n ritmiese handeklap oor die vernietiging van flora en fauna. Elke wiel 'n simbool van menslike glorie, maar 'n guillotine vir bos en vos.

Vredendal. Lambertsbaai. Die Rooikamp. Sederberge. Hantam. Namib. Rundu. Toronto. Griekeland. Santorini.

Spitskoppe!
Pluk ek vir jou 'n Namibsroos.

San Francisco. *Make sure to wear some flowers in your hair.*

Die roep van die Sederberge. lewers op 'n kruin of diep ravyn. Die kloek van 'n poelpetaan in sy taal wat my siel verstaan. Dassies met hul danse op die rante van skurwe kranse.

Aan die stroom se soom; droë grasse en groen gewasse, lelie en rooikwas skoon gewas in die misreën omheen. Groenkalossies en veldskoemblare. Voeding vir die siel; die sereniteit van die natuur onder skitterwit wolkemassas teen 'n agtergrond van blou.

Die visuele prag, geseën met die kleure van die Paradys. Die panoramiese hange en kranse van die berge. Apollo met sy magiese kwas wat plaaslike sonneblomme en plante teen die rivierbank en heuwels skets. 'n Kleurspel van skoenlappers wat 'n prentjie voltooi, selfs beter as Van Gogh se pogings.

Net ek by die vuur se lig. En laat in die nag die krete van voëls in vlug. Bo-op die heuwel die skril, dringende paringsroep van 'n jakkals om die toekoms van sy kwynende spesie te verseker. Verder weg die woedende gehuil van 'n onbekende dier wat sy territoriale habitat en wifie beskerm teen verleiding.

Terapie vir die siel. Ons pragtige landskap. Oor die eeue die habitat van Strandlopers, Khoikhoi en Boesmans. Hulle merke is gemaak: tatoeëermerke en graffiti teen klip en rots. Aktes en transport teen krans en versteende sand wat in die hemelruim uitbasuin: **Vir ewig ons land!**

Watter geheime hou die sterre gevange? Die oorlewingstryd van mense met slegs aalwyn vir pyn en skeet, die baring van 'n dooie kind op 'n beesvel en boegoe in die wonde deur lemme en spiese uitgeruk. Toe kom die mense oor die rante. Hollanders, Engelse en Franse en vee die oue uit. Implementeer die nuwe: Die Bybel, Boeretroos en Five Roses. Die spore van eeueoue bewoners stelselmatig deur 'n nuwe wêreld uitgewis.

Waens vol beskawing het die vlaktes, laaglande en hooglande binnegedring. Die vestiging van wet en orde dwarsoor die land tot

nadeel van die primitiewe bewoners. En die mense was daar nie meer nie!

Besigtigingstoere: Brindisi, Palermo en Rome. Santorini. Die pous dra 'n rok en sit agterop 'n koeëlvaste lorrie. Hy waai vir die Christelike wêreld. Drie maande op 'n Griekse eiland. Santorini. Die kognitiewe gestreel deur naakte lyfies van koper op massiewe strandhanddoeke.

Santorini! Sofija en ek en 'n tent vir twee. Sofija. 'n Klein dorpie-meisie van Berovo in Macedonië wat liefde soek in 'n vyandige, eensame wêreld. 'n Godin in die oog van die aanskouer.

Sofija! Borsies van silwer. Driehoekie van goud. 'n Macedoniese meisie verslaaf aan son, liefde en Sambuca.

Maar tyd en gety wag vir niemand. Totsiens, my liefde. Sal ek jou ooit weer sien? Oor die aanloopbaan, op met die trappe. Alleen. Verlore en gebroke in die liggaam van Olympic Air. Hoog bo die Egeïese See. My hart 'n warboel. En ver daar onder, Sofija! Net 'n spikkeltjie op die sand van 'n vreemde land.

Die aroma van haar parfuim — 'n onsigbare glorieboog oor my kop. Die lig in haar oog — 'n kers in die sterre-nag.

Die epiese Spitskoppe in die Namib. Hoog in die hemel trek die arende sirkels teen die blou. Sterre soos diamante skryf Bettie se naam teen 'n agtergrond van swart. *Tot die dood ons skei.* 'n Kapelletjie van klip en liefde onder treurende wilgerbome. Winterlakens met prentjies van Cupido wat sy pyle deur ons harte skiet.

'n Kraamsaal in Observatory. Bloed op die vloer en 'n ekstensie van myself in die arms van 'n verpletterde moeder.

'n Hospitaal in Somerset-Wes. My hand in die hand van my moeder. Sterwend met die naam van Jesus op haar lippe.

'n Begraafplaas met twee wilgers by die hek en 'n gat in die grond. Trane in my oë.

In die kerkhof buite Lambertsbaai het hulle Ma begrawe. Soos deur God beskik. Haar aardse taak voltooi. “'n Pêrel vir Jesus se kroon,” het Dominee gesê en vir my die mandjie roosblare gehou. Toe onder die grond. Stof tot stof. Een houpie sand — die totale vergestaltung van Ma se bestaan; die finale band met weleer se heerlike samesyn.

Die mense was al weg toe sit ek nog met die aanslag van die windjie se treurige lied in my ore. Ek wag vir die son om agter die heuwels weg te sak, vir die sterre aan die hemeltrans — die voetebank van God, soos Ma altyd gesê het. Maar die wolkebank het die sterre gekeer. Net die maan se gloed, sporadies tussen die wolke deur, die alarmkrete van 'n korhaan wat skrik en die skree van honger jakkalse, skril en pleitend soos mense.

Toe die wolke wyk en die sterreprag ontbloot, staan ek op, kyk vir die Suiderkruis en loop huis toe. In die kamer het ek Ma se hospitaalsak van die vloer af opgetel en die ritssluiters oopgetrek. Ma se Bybel was heel bo.

Daar was twee foto's in die Bybel: een van my op 'n driewiel en een van Ma op die grasperk voor die Studentekerk. Voor in die Bybel het Ma geskryf:

As Hy weer kom, kom haal Hy Sy pêrels, fraaie pêrels vir Jesus se kroon. En God, as ek weg is, kyk na my kinders, asseblief God.

Ek het lank na Ma se handskrif gekyk en my vingers oor die woorde laat gly. Was ek maar 'n erfgenaam van haar geloof?

My liewe moeder. Met haar Skotse afkoms, die mooiste vrou in die dorp.

Flower of Scotland!

Sit ek daar op die stoep met my oë op die blink van die Atlanties
as die daglig in sout verdrink. My blik op die maan wat op die water
skyn as die son ondergaan. Solo. Net ek en die gesig wat uit die
spieël vir my kyk as ek in die gang afloop. Op 'n bankie vir twee. Solo.
In akkoord met die lyne op my gesig. 'n Dowwe blik. 'n Stadiger stap.
'n Skedel vol van gister.

Dankbaar vir vele. Ouderdom. Vrede. Pille. Prente. Plooie.
Verlange. Nostalgie. Aanvaarding. Waardering.

Herinneringe. Eensaamheid. Plooie. Grysheid. Vergetelheid.

Snags maak die malgasse my wakker. Of die nanag-uil wat op
die dak *hoe-hoe* huil. Dan kom sy die gang af.

Bettie!

Bettie!

In liefdesweet van sy gekleed. Soek ek die klanke van jou stem;
soet en sag. Maar dis net die spoke se stilte wat in die gange
welluidend in my ore skater.

Wie gaan weer die liefde in my are blaas? Wie gaan die trane oor
my wange met 'n sagte doekie droog?

Op die stoep, met my oë op die hemeltrans. Die ladderwindjie op
my vel. Dan doem hulle voor my op. Keer op keer. Weer en weer.

Bettie. My Bettie. Pa. Ma. Gila. Sofija. En my Katrina. Katrina;
bloed van my bloed.

Piet en Diena. Tjaka en Reier. En Lucy.

Piet en Diena en Tjaka en Reier en Lucy; my gekleurde broers en
susters van Suid-Afrika. Aan die ontvangkant van mensgemaakte
wette.

Die blanke Baas. Die swarte Klaas.

'n Land gepolariseer! 'n Wêreld verdeel!

In die nagte as die branders Afrika bestorm, dink ek aan julle. As ek in die oggend wakker word met die Atlanties as portret, dink ek aan julle. As ek spore op die strand van Lambertsbaai trap, dink ek aan julle. Hoor julle stemme in die branders wat op die sand tussen die vygies inrol.

Op die stoep. Roetine asof in klip gesementeer of rotse getatoeër. Geen pretensie. In harmonie met drome, verlange en nostalgie.

Sittend. Wiegelend. Kykend. Aanvaar. Een dag op 'n slag. Elke herinnering uitgedruk soos die laaste druppel uit 'n lemoen.

Hart in vrede. Siel in rus. Hierdie wêreld is nie my tuiste nie. Ek is maar net op deurreis.

Lees ek jou briewe hoog teen die blou van die dag en die swart van die nag. Liefdeswoorde in kosmiese graffiti verewig. Buite-ruimtelike hiërogliewe wat die verlange versag.

Herinneringe! Mense en gesigte. Pilare wat my regop hou. Kussings van vertroosting in tye van swaarkry.

Mother in the kitchen. May you rest high on that mountain Mom. Your work on earth well done. Proud to be your son Mom.

My vader agter sy lessenaar. Nooit sal ek die woorde van sy lippe vergeet nie. Sy belangrikste opmerking ingeprent in my brein: "My seun, 'n vrou sal 'n duisend myl deur sneeu ry as sy jou lief het. 'n Duisend myl as sy jou lief het. En, my seun, wees goed vir mense – nie omdat hulle goed is nie, maar omdat jý goed is."

Rest high on that mountain Dad. Your work on earth well done. Proud to be the son of a man who loved my mother.

En eksistensieel tot my lewe – 'n goue herinnering van 'n miljoen karaat. Die mees diepgaande oomblik van my bestaan. Om man te wees. My dogter. 'n Uitbreiding van myself wat ek nooit sal versaak nie. “Daddy is going to buy you a dream to cling to.” My dogter, om vir ewig lief te hê. My anker in die oseane van die lewe. Beskermende skans teen tifone, harpoene en eensaamheid. Vir altyd om jou te prys en te dank vir die seuns uit jou skoot. Kleinseuns. Seuns. Mans.

Mag hulle loop waar ek geloop het. Die lewe leef soos ek geleef het. Nuweland met 'n leerbal in die hand. Triathlons in Nice en Toronto. Die ekstase van Polly Shorts se opdraande oorwin. Die lippe van 'n jong meisie proe. Die vervoering van liefde.

Op die stoep. Ambivalente emosies. Vrede en geluk. Onvrede en nostalgie.

Maar sonder uitsondering, soos 'n dief in die nag, die spook by die deure van die kamers van my hart. Klop en klop. Kom vat vir Vrede en Berusting en los my vredeloos. Reddeloos verlore.

Knock. Knock. Knock. Sonder uitsondering. *Bad moon rising!* Rond, onheilspellend en rooi op sy hemelse baan. 'n Reuse-amulet wat misluk in sy missie om die aarde van gevaar te beskerm. Laat my verdrink in 'n oseaan van herinneringe. 'n Kerkhof met twee wilgers by die hek. Marmer-engele wat sweef. 'n Gat in die grond. As van liefde.

Dan vat my kop die pad. Die pad van my hart. Onder die lig van die sterre Sederberge toe. Gaan sit ek daar op 'n kruin of diep ravyn onder die sterreplafon van my heimat. Onder die hemeltrans van my vandaankomplek, in die lig van die vuur se goue vlam. Die maan soos 'n sekel wat lusern sny, of rond en vol soos 'n bal wat oor die sand rol. 'n Lamp vir verliefdes. In watter gedaante ook al – onontbeerlik vir ons voortbestaan. Ongestoord op sy oeroue hemelbaan, in beheer van elke traan en oseaan. Met die magiese vermoë om die romantiek uit die verlede terug te trek en my vir 'n vlietende oomblik weer met

manwees te beklee, om my in die sagte arms van 'n beminde neer te lê.

Die aroma op die aandbries – 'n afrodisiakum, gedra op die vel van geliefdes wat nooit vergete sal wees nie.

In die stilte van die nag, met sy genesende krag.

Ek sit op my kampstoel. Alleen. Die klank van stilte.

Die rookkringe uit die vuur word silwer ringe opsoek na die vinger van my beminde.

Ek verbeel my 'n meisie – o, so mooi – met goue hare. Dansende vuurvliegies kroon haar engelgesig met 'n stralekrans van onbeskryflike skoonheid. 'n Visioen van vrede, geplant in my brein. 'n Visioen van liefde, verlore maar nie vergeet nie.

Die maan, silwer stralend, onthul die skoonheid van die donker, die liefde in jou hart en die lyne van jou gesig. Jou liggaam in deurskynende kant. Jou skoonheid in my oë soos 'n arend wat vlieg. Soos dolfyne wat duik. Die groot swart, huilende hond gereduseer tot 'n hondjie met die naam Fluffy.

Sielsalig. Ver van klip, graniet en plastiek. 'n Fontein van geluk. My eie Trevi. Miljoene pennies vir 'n futiele wens.

Love is like a razor. It leaves your soul to bleed. Maar ek het geleer: liefde maak nie seer nie. Die afwesigheid daarvan doen.

Net ek by die lig van die vuur. Alleen. Net ek en die vuur se lig, die elemente van die natuur en die kosmiese liggame wat die heelal versier. My enigste en ware metgeselle. Hulle stel my nooit teleur nie. Hulle sê nooit vaarwel nie.

Apollo. Luna. Sterre. Planete. Sterrebeelde.

Apollo, omring deur skakerings van blou, vir hitte as dit koud is.
Staties in die heelal. Stuur ons aardbol op 'n millennia-oue pad,
sonder om ons ooit uit sy gesig te laat verdwyn.

Luna, die lantern in die nag. Met haar magiese vertoon van
veranderende vorms. Heersend oor die waters van die oseaan. In
haar volheid hemels en mistiek. 'n Stralekrans wat lig en vrede oor
die aarde skenk. Gerusstellend vir die gees. Troos vir die siel. 'n
Miljoen glinsteringe teken die name van geliefdes in die kanale van
my brein. Name van vriende en familie van lankal verby en van nou.
Soveel name teen 'n doek van swart. Besproei die plooië van my oë.
Die lyne van my gesig. Kap aan die mure van my hart. Roep emosies
op: geluk, nostalgie, erotiek, vrees, woede, verrassing, verlange,
teleurstelling.

Apollo. Luna. Aeolus. Die sterre. En jy!!

Apollo aan die hemel se rand – vir hitte op die vel as die
Sederberg sy kroon wit vertoon. Luna – lantern wat verlig as die son
versink en ek my kelkie skink. Aeolus – die wind alom. Aeolus, soos
die liefde: onsigbaar maar voelbaar. Skryf ek vir jou 'n versie en stuur
dit die eter in:

as apollo in die water sink

sien ek jou oë in die glasie blink

van die kelkie wat Bacchus vir ons skink

om saam met Luna en Aeolus uit te drink

Dan kom jy uit die duister aangestap. 'n Engelgesig uit die
donker, omring deur die geur van granaat en saffraan. Staan jy daar
in rooi – 'n leeftyd ver. Roerloos. Onaantasbaar. Sprakeloos. In die
sweat van ons liefde geklee. Borsies van silwer. Driehoekie van goud.

Never see you as lovely as you do tonight. May I just for once see the brightest star in the sky reflecting in your eye. Just for once before I die.

As ek jou maar in die kamers van my hart kon grendel. Of soos 'n slaaf aan kettings kerker. Of vasmaak aan die koperstyl van ons liefdesbed met die gehekelde Cupido's wat hul pyle deur ons harte skiet.

Didn't know I had to say goodbye to you so fast.

Dominee se sagte stem: “Die mooiste blom gepluk. Angelier vir God.”

My elegie:

ek vra nou vir die sekelmaan

om vir die mooiste vrou

'n melkwegblom te sny

sy sal weet dis van my

Onverstaanbaar! Die menslike glorie met sy Hippokratiese seges oor elke gebrek en skeet – maar 'n middeldeurgebreekte hart bly vir ewig 'n stukkende orgaan, sonder enige hoop op genesing.

Op die stoep. Saans, as die son sy rooigloed oor die blou sout slinger en die see verkleur, trek ek die kurk uit die bottel en maak jou glasie vol. Weleer se samesyn gekoester in elke slukkie wat ek na my lippe bring – in afwagting op die laaste sluk, want in die bodem van my glas kyk jou oë in die blink van myne vas.

Bettie! Katrina! Tjaka! Ma! Pa! Gila! Bettie!

Ek is versoen met sterflikheid.

*On the wings of a snow-white dove. You will never walk alone.
Save the last dance for me.*

THE PREVIEW ENDS HERE

Continue reading *In die Skadu van die Stem* to follow a deeply personal story of memory, identity, love, loss, race and reconciliation in a changing South Africa.

PURCHASE THE FULL BOOK

Available from the MyNovel Bookshop